**Skriflesing:** Matt 5:21-26; 38-48
**Tema:** Ontdek volkleur Goddelike verhoudings.

God het sy wet gegee as riglyn wat vir ons aandui hoe om Hom en ons naaste onvoorwaardelik lief te hê.

Jesus het niks teen die wet nie. Hy was self gehoorsaam aan die gebooie van God. Hy het nie gekom om die wet ongeldig te maak nie, maar om dit volle betekenis te laat kry.
Dit is amper soos 'n prisma. In en deur Christus en geloof in Hom kry die wet sy veelkleur en volkleur Goddelike verhoudings.

Mag elkeen van ons nou opnuut weer ontdek dat die wet nie gaan oor letters en reëls nie. Die wet gaan oor mense en verhoudings.

**As kinders van die Vader word ons opgeroep om binne en buite volmaak te wees soos Hy volmaak is.**

**Die Here waarsku ons om nie buite blink en binne stink te wees nie.**
Elke keer as Jesus sê: "julle het gehoor" en dan verwys Hy na verse in die Ou Testament. Maar hy verwys ook spesifiek na die Skrifgeleerdes en Fariseërs wat die wet hul god gemaak het.
Hulle het 'n massa verwarrende reëls en regulasies by die wet gevoeg.

Hulself het die wet baie nougeset, tot in die fynste besonderhede, probeer uitleef. Dit het gemaak dat hulle hulself bo ander mense verhef het. Hulle was vinnig om op ander se foute te wys.
Hulle het die wet ook as swaar las op mense se skouers gesit. As jy die wet oortree het, is jy gestraf.

Hul probleem was dat hul uiterlik blink, wetties geleef het. Hulle het hulself en mense beïndruk, maar hul het nie die Here beïndruk nie. Hy het hulle witgeverfde grafte vol doodsbeendere en allerhande onsuiwerheid genoem. (Matt 23:27-28)

Ons kan baie vroom voorkom, maar nog steeds ver van God af wees.

Vandag dink ons ook spesifiek terug aan die Hervorming. Dit het in die tyd van die Hervorming gebeur dat die pous en senior priesters naby hom baie vroom voorgekom het. Hulle was geleerd en sou die Bybel aan die ander mense uitlê. Die Bybel is nie aan ander mense beskikbaar gestel nie. En so is Rooms Katolieke dwaalleer, soos die aflaatstelsel, gebore.

Ek gebruik soms die opmerking: "die straatengel word 'n huisduiwel." Ek hoop nie dit is van myself waar nie. Soms is die gevaar dat ons buite blink is – ons het tyd en is vriendelik met alle ander mense, maar dit is nie noodwendig waar van ons verhouding met ons eie gesin nie. En dit is tog die belangrikste mense wat die Here aan ons geleen het.

**Die Here waarsku ons ook teen binne blink en buite stink wees.**
As ons mooi daaroor dink, behoort dit eintlik onmoontlik wees om so te wees. Maar daar is tog mense wat roem op hulle besondere verhouding met Here en dan is dit glad nie sigbaar in hulle lewe, in hulle verhouding met ander mense nie.

Ek dink sommer aan die manier waarop verskillende Christelike kerke soms met mekaar omgaan. Ons roem daarop dat ons toegewy is aan die Here, maar dan beskinder en veroordeel ons mekaar.
Daar is al deur selgroepe in die gemeente vir mense gesê dat die selgroep vol is. Daar is nie nou plek vir julle nie.
Daar is mense wat in elke erediens is en aan kleingroepe behoort en dan byt en verskeur hulle mekaar. Dit is binne blink en buite stink.

Die persone wat sogenaamd binne blink en buite stink is, is gewoonlik die klipgooiers en vingerwysers. En Jesus het vir ons geleer dat die een van ons wat nie sonde het nie, die eerste klip kan gooi.

**Die Here roep ons op om, soos ons Hemelse Vader, binne en buite, in gesindheid en daad, blink te wees.**
Gehoorsaamheid aan sy wet is nie oppervlakkige gehoorsaamheid aan reëls waarmee ek ander probeer beindruk nie. Gehoorsaamheid aan sy wet gaan oor verhoudings.
Ons lewensgehoorsaamheid spruit uit dit wat God, deur die Heilige Gees, in ons doen. Dit kom van binne, vanuit 'n nuutgemaakte lewe. Ons gehoorsaamheid fokus op God, nie op onsself of die goedkeuring van mense nie.

Jesus verduidelik iets hiervan met 6 teenstellings. Ek gaan baie kortliks by 3 stilstaan.
Wanneer die Here vir ons in die sesde gebod sê dat ons nie moord mag pleeg nie, dan praat Hy nie net van die fisiese daad van doodslaan nie.
Hy leer ook vir ons oor die gee van lewe aan ander. Wanneer ons kwaad word of 'n ander uitskel, pleeg ons ook moord.

Ek het reeds gesê dat die wet oor verhoudings gaan en nie reëls nie. Ons verhouding met God, het alles met ons verhouding met ander mense te doen.
Dit is skynheilig om te sê dat 'n mens se verhouding met God reg is, terwyl jou verhouding met ander veel te wense oorlaat.
Jesus verduidelik dit met 2 voorbeelde:
Wanneer jy jou gawe na die altaar bring en jy onthou dat iemand iets teen jou het, gaan maak eers reg met die persoon voor jy kom regmaak met God.
En moenie by regsake betrokke raak nie, verhoudings is belangriker. Kom voor die hofsaak tot 'n skikking.

As ons te na gekom word, is ons eerste reaksie dikwels om so iemand te wil "terugkry", baiekeer met die verskoning dat hy of sy eerste begin het.
Maar Jesus roep ons op om goed te doen aan die mense wat ons te na kom!
Ons moenie altyd boekhou van ander se verkeerde optrede teenoor ons nie, ons moet hulle met liefde en vergifnis seën.

Baie van die Jode van Jesus se tyd het sy woorde radikaal en aanstootlik gevind. Eeue later vind ons dit steeds radikaal en aanstootlik. Dit is net nie soos ons dinge wil laat gebeur nie!

Die Jode wat hulle lewens in geloof aan die Here oorgegee het, is deur hul mede-Jode uit die tempel uitgejaag. Hulle het ook geweier om Romeinse gode of die keiser te aanbid. Onder die Romeinse juk het hulle gewoond geraak aan vergelding en haat. Nou kom sê Jesus vir hulle dat daar in sy kinders se lewens nie plek vir haat en vergelding is nie.

Ons begin die geweldsiklus, ook in ons land, breek wanneer ons die ander wang te draai en vrywillig afstand doen van dinge waarop ons "geregtig" is. Jesus roep ons op om regverdig en genadig teenoor ander te wees terwyl ons dit nie van hulle terugeis nie.

Die Fariseërs het verkeerdelik uit Bybel afgelei dat hulle net diegene wat aan hulle liefde bewys, moes liefhê. Net so het hulle aflei dat hulle hul vyande kon haat. Sodoende het hulle niks beter gedoen as die tollenaars en sondaars nie.

Jesus sê dat ons ons vyande moet liefhê en moet bid vir die wat ons vervolg.
Wanneer ons dit doen, sal ons baie duidelik toon dat ons kinders van ons hemelse Vader is wat sy son laat opkom oor goeies en slegtes en dit laat reën oor die wat reg doen en die wat verkeerd doen.

**Sluit af**
Christus het die wet sy volkleur Goddelike verhoudings kom gee.
Die wet roep ons op tot 'n nuwe verhouding met God en om dan daaruit onvoorwaardelik en onverskrokke, soos Hy, liefde te gaan leef.
Hierdie volmaaktheid gebeur nie oornag nie. Dit is 'n opwindende lewenslange liefdesreis opsoek na sin saam met die Here.
Amen